Christus laat ons aanhou goed doen in ‘n wêreld waar niks reg loop nie

Ds, PJ Kriel 06.08.2023

Inhoud hierdie preek wys dat gelowiges Jesus as Leidsman het wat altyd alles tussen hulle en God reg laat wees in ‘n wêreld waar alles verkeerd loop en verkeerd uitdraai. Hierdie geloof laat ons in hierdie volmaakte liefde leef en dit is wat die behoud van my lewe is in ‘n wêreld waar niks reg loop nie. Om te glo dat dinge in die wêreld verkeerd loop as straf vir jou sonde en sal reg kom as jy tot bekering kom, is hoe jy uit die geloof in Christus onttrek en weer in ‘n wettiese godsdiens verval. Daarom kan ons nie deelneem aan biddae waar ons moet tot bekering kom om alles in die wêreld te laat reg loop nie. Ons volhard in ons diens en liefde in alles wat verkeerd in die wêreld is.

Skriflesing Hebreërs 10: 35 – 12:3

Teks Hebreërs 12: 1, 2. Laat ons van elke las ontslae raak, en die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus, die Leidsman en voleinder van die geloof.

Tema Christus laat ons aanhou goed doen in ‘n wêreld waar niks reg loop nie.

1. Die boek Hebreërs spreek die aanhoudende swaarkry van Christene aan net soos die boeke 1 en 2 Petrus en Openbaring.

Dit is ‘n tipe swaarkry wat so klink: niks loop reg nie en niks in en om my lewe kom reg nie. ‘n tiep swaarkry waarin die lewe voortdurend ontwrig word. Hierdie swaarkry skep die vraag in Christene se gemoed: “ Hoe lank kam ons só aanhou?”

Daarom kom die stellings “ julle het volharding nodig” (10:36), “ Moses het volhard soos een wat Hom die Onsienlike gesien het.” (11: 27) en die oproep “ laat ons die wedloop met volharding hardloop.” (12:1)

Volhou om gelowig te leef en in geloof aanhou doen waarvoor ons geroep is, terwyl niks om ons reg loop of reg kom nie.

2. Dit is baie maklik om Hebreërs 11 verkeerd te lees en verkeerd te hoor.

‘n Mens hoor maklik die wêreldse wysheid wat só klink: “Jy moet net aanhou glo alles is moontlik en daarom moet jy net aanhou, dan sal alles reg kom en alles sal reg loop.”

Dit is miskien moontlik om verse 1 tot 34 só te hoor, maar hierdie opvatting bots heeltemal met verse 36 – 40. Dit beskryf wat met gelowiges gebeur het wat die skrywer geken het. Dit is nie sommer net verbeelde of moontlike swaarkry nie. Die apostel Paulus en Jakobus die broer van Johannes is tereggestel om met die swaard te sterf. Die diaken Stefanus en Jesus se broer Jakobus, die leier in Jerusalem was gestenig gewees. Die apostels Petrus en Johannes was in boeie in die gevangenis gestop. Keiser Nero het Christene in pik gedoop en as ligte in die strate aan die brand gesteek en deur wilde diere in die Kolleseum laat verskeur. Christene wat nie vrylating wou kry deur vir die keiser as ‘n god ‘n offer te bring nie, is martel en hul eiendom is gekonfiskeer sodat hulle in armoede in grotte en gate moes gaan skuiling soek.

Hierdie voorbeelde van volharding is nie voorbeelde van die wêreldse geloof: Hou net aan, alles sal reg kom en reg loop.” Eintlik, in ‘n sekere sin, is hierdie voorbeelde dat alles verkeerd geloop het en niks reg gekom het nie.

Christelike volharding in geloof is iets anders as om net ‘n positiewe ingesteld te hê oor alles wat verkeerd loop.

3. Ook gelowiges in wie se lewens uitsonderlike dinge gebeur het, is glad nie voorbeelde van hoe alles reg loop, alles reg kom of alles op die ou einde reg uitdraai nie.

Abel het deur geloof ‘n lofoffer aan God gebring (Heb. 13:15) wat God behaag het en Kain het ‘n skuldoffer gebring wat God verwerp het. (Heb.10:8)  Daarvoor het Kain Abel doodgemaak. Niks het vir Abel só reg uitgedraai nie. (11:4)

Abraham was gehoorsaam aan God se roeping en dit het hom lewenslank ‘n vreemdeling en bywoner gemaak in ‘n land wat God hom as sy eie gegee het. Niks het t.o.v. burgerskap en eiendomsreg vir Abraham reg geloop nie. (11: 8,9)

Moses het deur geloof die Here gedien en daarvoor het hy sy prinsskap, sy moontlike koningskap van die magtigste land in die wêreld, sy lewe in die Egiptiese hofhouding en die guns van die Farao vir altyd verloor. Hiervan het niks ooit weer reg gekom nie. (11: 24 – 26)

Geloof in die boek Hebreërs kan nooit die wêreldse geloof wees van “hou maar net aan, alles sal regkom, reg loop en reg uitdraai” nie. Geloof volgens Hebreërs is om God, die Onsienlike te sien. (11: 27) Om God die Onsienlike te sien, beteken om die oog op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof te hou. (12: 2)

Só sien ons as gelowiges die Onsienlike God: ons sien Jesus Christus as die Here wat vir ons sondes gely het en ons nou deur sy liefde en barmhartigheid regeer aan die regterhand van die Vader. (12:2) Ons sien ons Onsienlike Leidsman soos Hy reeds in Hebreërs 2:10 beskryf is: Hy wie self heilig is, laat ons altyd heilig, volmaak in en vir sy liefde wees. Ons heiligheid in en vir sy liefde is die dinge waarvan ons seker is en ons geloof in ons heiligheid is die bewys van die Onsienlike Here wat ons nie met ons oë kan sien nie. (11:1)

Deur ons geloof in Christus hou ons ons oog op Hom en sien ons Hom as die Volmaakte Verlosser wat ons in die volmaakte verlossing laat deel en deur alles wat nie reg loop, reg kom of reg uitdraai nie.

4. Met ons oog gerig op die Here sien ons Hy is volmaakte Verlosser wat ons as sondaars vervolmaak om God te kan aanbid.

Hy is die volmaakte Verlosser: “nadat Hy tot volmaaktheid gebring is, het Hy  van ewig verlossing geword. (5:9) Christus was as mens volmaak gehoorsaam aan die wet van God. (5:8) Hy is die volmaakte Priester (7: 24,28) wat sy lewe as volmaakte offer gebring het.(7: 28) en rig die volmaakte heiligdom op (9: 11) – die liefdevolle en barmhartige teenwoordigheid van God self. (10: 19 - 22)

Christus laat ons aanhou goed doen in ‘n wêreld waar niks reg loop nie

Hy is die volmaakte Verlosser wat God se liefde vir volmaak laat wees. Hy bring ons as kinders van God tot die volmaaktheid dat ons en ons gebroke liefde vir God heilig is. (2: 9.10) Ons is vir altyd heilig vir God se liefde deur Christus se volmaakte offer, eens en vir altyd. (10:10)

So!

Wat sien ons as ons ons oog op Christus hou? Ek sien dat ek, my lewe en my liefde vir God is altyd in en vir God se liefde volmaak. Tussen my en God is altyd alles reg en loop altyd alles reg. Ek is altyd heilig, heel en volkome binne God se liefde vir my deur Christus wat volkome verlossing bewerk. So, deur my geloof in Christus, kan niks weer tussen my en God verkeerd loop nie. Hy is my Leidsman en voleinder van my heiligheid vir God se liefde.

Hoe verander dit ons lewe wanneer ons Christus en onsself so in Christus sien?

Só! “my regverdige sal deur die geloof leef, .. die geloof wat lei tot behoud van die lewe.” (10: 38,39) Ons leef so in hierdie geloof: daar is niks verkeerd, alles is reg, alles loop reg en sal reg uitdraai in my liefde en lewe vir God. So laat God ons lewe wees deur die volmaakte offer van Christus.

Tussen my en God is en loop alles altyd reg in ‘n wêreld waar alles verkeerd loop en verkeerd uitdraai. In my geloof lewe ek in hierdie volmaakte liefde wat die behoud van my lewe is in ‘n wêreld waar niks reg loop nie. (10:39)

5. Hebreërs waarsku die Christene teen “onttrekking wat tot ondergang lei.” (10: 39) Dit gaan oor die onttrekking van om volmaak heilig vir God se liefde te wees (10:10, 14) en van die vryheid om nooit weer enige offer vir jou sondes vir God te bring nie. (10: 12, 18)

Hierdie Christene wil weer in hul vorige verhouding met God terugtrek waar alles tussen hulle en God verkeerd was. Hulle wil weer na die verbond vol foute wat verouderd is toe terug keer. (10: 8: 7, 13) Hierdie onttrekking uit hulle heiligheid en skuldeloosheid voor God in Christus het gereeld in gemeentes voor gekom. Paulus beskryf dit in die gemeente Korinthe so: “Want julle verdra dit as iemand julle slawe maak, as iemand julle uitsuig, as iemand julle misbruik, as iemand hooghartig optree en julle in die gesig slaan.”(2 Kor. 11: 20) Mense wat gewoond is om godsdienstig aangekla, beskuldig, veroordeeld en verneder voor God te leef met die eis om jouself vir God volgens sy wet onskuldig en heilig te maak.

Dit gaan hier oor die angs om goed en reg te wees!

Dit sien ‘n mens gereeld met die opheffingswerk van kinders en jongmense. Opheffingswerk is iets anders as welsyn waar hulp in nood gegee word. Opheffingswerk gaan daaroor om ‘n kind in sy menswees op te bou om weer sy eie talente te kan eien en weer die geleenthede vir sy talente te kan aanvaar. Dit gaan oor die vertroue in so kind of jongmens dat hy of sy weer hulle self sien as iemand wat goed kan doen, goed doen en weet ek het goed te doen.

Christus laat ons aanhou goed doen in ‘n wêreld waar niks reg loop nie

Kinders uit milieugestremdheid het angs om te presteer. Hulle is so afgebreek in hulle self dat hulle aanvaar het hulle is te sleg om ooit goed te kan wees en goed te kan doen. Hulle het aanvaar hulle sal altyd verkeerd wees en alles sal met hulle verkeerd loop en het so die wil om te presteer verloor. Hulle ken ‘n lewe in sleg en verkeerd wees, met straf en verwerping, en het geleer om hulle in so lewe te kan laat geld.

Dit is volgens Hebreërs die lewe wat tot ondergang lei omdat jy onttrek het aan jou eie talente, geleenthede en goed doen, in ‘n lewe wat tot ondergang lei. So wil hierdie Christene uit hulle heiligheid en skuldeloosheid onttrek uit hulle heiligheid in Christus in die ou bekende godsdiens van skuld en onheilig wees.

6. Wanneer onttrek kinders uit milieugestremdheid van die hulp wat hulle opbou om hulle eie talente en geleenthede te kan eien en opneem?

Dit gebeur gewoonlik juis net wanneer hulle só ver gekom het dat hulle begin om goed te doen ente presteer. Om goed te doen en te presteer is vir hulle só onbekend, só lewensvreemd, dit is só uitdagend en só inspannend dat hulle juis dan onttrek uit ‘n lewe waarin hulle kan goed doen, terug in die bekende lewe in waarin hulle weet hoe om altyd net verkeerd te wees. Hulle weet hoe om te oorleef maar nie hoe om te leef nie.

So neig die Christene aan wie die boek Hebreërs gerig is, om hulle te onttrek aan ‘n lewe waarin hulle in Christus vir God heilig en volmaak is, en daarom in die uitdaging van liefde vir God, en diens en toewyding aan God te leef. Hulle neig om weer terug te trek in die ou Joodse godsdiens waar hulle altyd sleg, minderwaardig, nooit goed genoeg en daar altyd maar weer iets verkeerd was tussen hulle en God. Hulle weet hoe om met skuld en in verwerping te leef maar nie hoe om met liefde in te leef omdat jy volkome heilig gemaak is nie.

Christus maak ons volkome heilig om ‘n lewe te leef waar ons onsself aan liefde vir en diensbaarheid aan god kan toewy, sonder skuld of offers vir die sondes wat ons nog doen.

Hierdie geloof lei tot ‘n lewe waarin ons vir god behoue bly. So het Abel deur sy geloof ‘n beter offer vir God gebring as Kain, dank en lofoffers en nie skuld offers nie. So het Abraham in gehoorsaamheid volhard om tussen vreemde volke te leef en nie weer na sy bekende tuiste met hulle afgode terug te gaan nie. So het Moses en die Israeliete uit die ellende van slawerny getrek vir ‘n nuwe lewe en nie in die ellende van slawerny gebly nie.

Hulle het hul heiligheid en skuldeloosheid teenoor God aanvaar en hul roeping teenoor God in hierdie geloof uitgeleef.

Gelowiges hou die oog op Christus om hul heiligheid vir God se liefde te bly raaksien sodat hulle die onbekende lewe kan leef dat hulle God met hul liefde en diens behaag. So raak hulle gewoond daarom om aan te hou goed te doen en lief te hê.

7. Dit bring ons weer by die vraag wat in hierdie tyd in ons gemoed lê: hoe lank kan ons so aanhou, aanhou goed doen terwyl niks in die wêreld om ons reg is, reg loop of reg uitdraai nie?

Dit is juis die getuienis oor al die gelowiges in Hebreërs 11. Abraham het aangehou om God te vertrou en te dien, al was hy sy hele lewe lank ‘n vreemdeling in die land wat God aan hom toegesê het. Abel is juis vermoor omdat hy ‘n dank en nie ‘n skuldoffer vir god gebring het nie en Moses en die volk het vir twee geslagte in die woestyn rondgeswerf om nie weer terug te val in slawerny nie.

Ons kan so aanhou leef: aanhou goed doen terwyl niks in die wêreld om ons reg loop of reg uitdraai nie, want ons is volmaak vir God en ons lewe en dade is vir God goed en reg ten spyte van ons eie oortredings en swakhede. So kan ons aanhou om God lief te hê en te dien omdat Hy ons liefde en diens heilig maak vir Hom. Omdat ons in ‘n liefde leef waar daar niks verkeer is, niks verkeerd kan loop in die liefde waarin ons gekoester en niks verkeerd kan uitdraai in God se liefde vir ons, kan ons in hierdie liefde aanhou in ‘n wêreld waar niks reg loop nie.

Ons mag net nooit weer terug trek en van hierdie liefde onttrek nie. Hierdie gevaar van onttrekking dreig nou in die oproep tot gebed- en verootmoedigingsdae wat ewe skielik orals uitgeroep word. Die verleiding om uit die volmaaktheid waarin God ons laat leef is die kern van hierdie geestelike driftigheid. Dit klink só: die rede vir die agteruitgang en verval in die land, die paaie, hospitale, howe, Eskom, munisipale en staatsdienste, polisiëring en reep van kriminaliteit op die gemeenskap in hierdie verval – is omdat ons as Christene se verhouding met God nie reg is nie.

En dan kom die werklike boosheid van hierdie geestelikheid met die visioen: as ons ons verhouding met God reg maak sal God alles weer in die land reg maak, reg laat loop en reg uitdraai! Boos omdat dit ons oog van die Here as die Leidsman en Voleinder in die sekerheid dat ons vir God volmaak en heilig is wegvat. Boos omdat dit ons verlei om nie aan te hou goed doen terwyl niks om ons reg loop nie.

Om in verootmoediging uit jou geloof te onttrek dat jy vir God heilig is en weer terug te val in ‘n geestelikheid waar jy vir God altyd weer verkeerd is, is nie hoe God die land gaan reg maak nie. Dit is hoe ons van God wat ons liefde vir Hom in ‘n goddelose wêreld geheilig het, afvallig sal word.